


Waar om die LEL te toets voordat warm werk begin?

Aug 2020



LEL toets-punte voor en gedurende Warm Werk

Daar is oor die jare gereeld brande en ontploffings in ons bedryf as gevolg van warm werk wat vonke veroorsaak. Die dodelike gevolge van so 'n ontploffing is behandel in die Beacon van Mei 2020. 'n Belangrike element van voorbereiding vir 'n Warm Werk Permit is om die teenwoordigheid van vlambare materiale en gasse te vermy deur daarvoor te toets, "binne 10.7 m radius" vanaf die beplande werk.

(* 10.7m is aanbeveel deur VSA OSHA en die VSA National Fire Protection Assoc.(NFPA)).

Meeste maatskappye toets vir vlambare dampe oral waar die vonke van warm werk kan val of spat. Die diagram hierbo wys sommige van die punte wat getoets moet word. Toetse vir vlambare gas, gewoonlik LEL, moet gedoen word rondom die punt waar gewerk gaan word maar ook alle plekke waar vonke dalk kan spat rondom en onder die werksplek. Dit sluit in die gebruik van 'n pypie om te toets binne oop pype, binne in pomp-putte en proses drein punte, soos die punte op die tekening gemerk 5-9.

Het jy geweet?

- Vonke van vlam snywerk, sweiswerk en skuurwerk kan ver weg skiet. Dis hoekom meeste permit stelsels vir warm werk vereis dat vlambare of brandbare materiale minstens 10.7 m weg moet wees van die werkplek.
- Vonke en warm partikels val grond toe en ook in putte. Monitor die LEL veral waar warm werk hoog in 'n struktuur gedoen word.
- Meeste vlambare dampe is swaarder as lug, en neig om in lae plekke te versamel soos putte en dreineringspype.
- Selfs ligter vlambare dampe kan lank rondhang in plekke waar daar nie goeie ventilasie is nie, soos byvoorbeeld in pype en binne keermure.
- Kontrakteurs en instandhoudings personeel ken nie die proses nie. Hulle sal nie weet waar om te kyk vir vlambare dampe nie.
- Terwyl warm werk gedoen word kan kondisies verander. 'n proses afwyking, 'n skielike lek, of selfs die weer kan verander en vlambare materiaal vrylaat of bring tot by die plek waar warm werk gedoen word.

Wat kan jy doen?

- Toets elke opening en put binne die 10.7m sone vir vlambare gas, of die afstand soos voorgeskryf deur jou maatskappy.
- Sommige maatskappye vereis gereelde herhaling van die LEL toetse om voorsiening te maak vir toestande wat verander. Moniteer die area om 'n veilige werk area te verseker.
- Gebruik jou kennis van die proses om te dink aan plekke vlambare dampe mag wees.
- Gebruik die verlenings pype van die LEL meter om binne pype en tenks te toets.
- Gebruik sweis komberse en ander beskerming om te keer dat vonke op plekke kom waar dit gevaarlik kan wees. MOENIE OP DIE MAATREELS ALLEEN STAATMAAK NIE.

Toets alle plekke waar daar moontlik vlambare dampe kan wees!